NUUSBRIEF
NEWS LETTER
van / of TUINROETE AGRI

wenakker

tuinroete agri

September 2011

Jesaja 32:17 - "Wie reg doen sal vrede hê, wie volhard in regdoen, sal vir altyd rus en sekerheid geniet"

UITBREIDINGS BY TUINROETE AGRI

SPLINTERNUWE VULSTASIE TRA: MOSSELBAAI

Die Tuinroete Agri Groep is baie opgewonde oor die uitbreiding van hul bestaande vulstasie fasiliteit aangrensend aan Louis Fourieweg, Mosselbaai. Hierdie uitbreiding is 'n voortsetting van die opgradering van die totale perseel wat vir die langtermyn beplan word en sal beide diesel en loodvrye brandstof verskaf. Die beplande opening van die nuwe vulstasie is in November 2011.

This new development will boast a Bonjour outlet in addition to the service station and will offer extended service hours. Lead replacement petrol will still be available at the existing fuel station that will remain in operation.

HALFWAY MARK FOR NEW TRA KNYSNA!

Phase 1 of the project has been successfully completed and the retail and feed store have been moved into this phase, which will eventually only house the feed store. The old buildings have been demolished and phase 2 is well on its way. The brand new fuel station will greatly improve the refueling requirements of our customers.

Ons wil al ons kliënte weereens bedank vir u geduld en ondersteuning gedurende hierdie tyd van vernuwing. Ons sien saam met u uit na November 2011 wanneer ons die nuwe TRA Knysna-tak gaan inwy.

TRA BESTUURDERS TREE AF

FOTO: Fanie Stander, Marietjie Kemp en Oumies Stander

FOTO: Mnr Jan Weys (Besturende Direkteur van TRA) by Mike en Jakkie Uys.

Mnr Fanie Stander (Takbestuurder Misgund) verlaat Tuinroete Agri na 18 jaar diens by LBK/TRA. Gelukkig het hy ingewillig om steeds die TRA gholfdag op Uniondale te reël. Ons dank gaan aan Fanie vir diens gelewer die afgelope 18 jaar en wens hom en Oumies alles van die beste toe.

Mnr Mike Uys het einde Mei, na amper 35 jaar diens by Tuinroete Agri, afgetree as Bestuurder: Graan. Hy is wyd en syd geliefd en sy voetspore loop baie diep in die boerderybedryf van die Riversdal omgewing. Gelukkig kon ons hom onmiddellik weer in 'n tydelike kapasiteit aanwend. Heel duidelik was ons nog nie gereed om permanent van hom afskeid te neem nie.

Annelie van Wyk

FOCUS on the FARMER

ANDERSSON FARMS

Andersson Farms, also known as Quarrywood Farm is a most beautifully situated farm in the Highway West/Rheenendal area. It is 750 hectares comprising indigenous forest, a small pine plantation and 14 dams. It borders the Goukamma and Huis Rivers and has views over the Outeniqua Mountains and Buffalo Bay. A lot of the land was originally covered by pines which have, over many years, been felled and removed. The land has been changed into quality pastures with a good Ph. Today we are proud to be producing haybales of the best quality at Andersson Farms - this is the farms' main business:- the cutting and baling of small, old fashioned bales each weighing about 25 kg. The quality of the hay is excellent - the bales consist of about 12 different grasses which all horses, cattle and sheep thoroughly enjoy. We also have a small breeding herd of Nguni cattle and sheep. *For any enquiries regarding our hay please contact Agri - Knysna (044 382 3027)*

Andersson Farms, High Way West, Rheenendal
Phone: 044-3884771 • Cell: 0721293503 • anderssonfarms@telkomsa.net

Please support the local farmer

tuinroete agri
FARM & HOME

- Fuel & Gas
- Paint Centre
- Wine & Liquor
- Meganisasie
- Voere • Feeds
- Graan • Grain

16 WATERFRONT DRIVE KNYSNA
Tel: 044 382 3027
Website: www.tagri.co.za

TUINROETE AGRI-PLETTENBERGBAAI

Tuinroete Agri-Plettenbergbaai het in samewerking met Greenfingers 'n demonstrasie aangebied vir die snoei van roosbome en toediening van kunsmis. Kliënte het geesdriftig meegedoen en idees is uitgeruil oor hoe om rose in ons kusstreek suksesvol te kweek.

TUINROETE AGRI FONDS-INSAMELINGS GHOLFDAG

Op 31 Maart 2011 het Tuinroete Agri se jaarlikse fondsinsamelings gholfdag plaasgevind by die Mosselbaai Gholfklub. Groot pryse was op die spel en selfs die nie-gholfers het nie met lëe hande huis toe gegaan nie. Die formaat van die kompetisie was 'n vierbal samespel en die wenspan was Mnre L. Levin, D. van Aarde, D. Wade en Q. Du Randt (sien foto). Spelers het vroegdag aangemeld en elkeen is verras met 'n "goodie bag" gevul met verskeie produkte wat by Tuinroete Agri se winkels beskikbaar is. Op die baan was daar strawwe kompetisie tussen die spelers, maar selfs die "ongunstige weerstoestande" kon nie die entoesiasme en goeie sportmanskap demp nie. Die dag is afgesluit met 'n prysuitdeling en ete vir die spelers asook 'n veiling waartydens verskeie versamelaars items opgeveil is.

Daniel van Schalkwyk, Michael Kamener en Johan le Roux by die watertenks geborg deur TRA

Die opbrengs van die dag word jaarliks geskenk aan instansies in die Tuinroete Agri bedienings-gebied waar daar werklik 'n behoefte vir noodsaaklikhede is. Hierdie jaar is daar besluit om 'n 5000L watertenk aan elkeen van die volgende instansies te skenk: Melkhoutfontein Primêre Skool (Stilbaai) • Sonskynvallei Laerskool (Hartenbos) • Rainbow Riders Equi Therapy (George) • Britsevlakte Primêre Skool (Uniondale) • Appelkassie Crèche (Misgund)

Tuinroete Agri bedank alle deelnemers op die dag, asook alle borge en verskaffers vir hulle bydraes. U word vriendelik uitgenooi om volgende jaar deel te wees van die aksie.

Die Gholfdag wenners Mnre L. Levin, D. van Aarde, D. Wade en Q. Du Randt

Other News

NUUSFLITS

Onthou die Tuinroete Agri Uniondale Gholfdag op 26 November 2011! Die datum van die Tuinroete Agri Riversdal Gholfdag sal vroeg in 2012 bekend gemaak word.

UNIONDALE LANDBOUSKOU

Die 48ste jaarlikse Uniondale Landbouskou vind vanjaar op 30 September en 1 Oktober plaas. Die volgende vertonings word vanjaar aangebied: OP saalperdkampioenskap, Boerperd Klubskou, jeug-skou, uitstalling van verskeie beesrasse, bokke, skape, hondeskou (swart boerbulle), provinsiale budjieskou en vele ander. Gaan maak gerus 'n draai!

GRAAN

Heinie Geldenhuys is as Sentrale Aankoper: Grane verantwoordelik vir die TRA aankope van mielies, koring, lusern, kleingrane, oliekoeke ens. Geliewe daarop te let dat indien u met oestyd van u Koring wil verkoop u Heinie kan kontak: • sel: 0823737880 • e-pos: hgeldenhuys@tagri.co.za • tel: 044-6011200/237 • faks: 0865090199 of Hanno Laufs • sel: 0833801314.

Snoei Rose

Rose wat in die winter gesnoei word sal fantasties in Somer blom.

Rose word gesnoei om beter blomvorming aan te moedig. Snoei word tydens die dormante, blaarlose seisoen aangepak. Die tyd wissel na gelang van die klimaat sone. In warm, subtropiese gebiede is dit wenslik om vanaf middel Junie te snoei. In gemagtigde gebiede met laatryp, wag tot Augustus. In winter-reënvalstreke, snoei aan die einde van die reënseisoen vanaf Julie tot begin Augustus. Snoei floribundas voor die hibriedteerose want hulle neem langer om te blom. Stel die snoei van erfenis-rose uit wat net een keer blom tot nadat hulle in die lente geblom het.

HOE OM TE SNOEI

- Maak seker dat jou snoeiskêr skerp is. Doop dit in 'n ontsmettingsmiddel nadat elke roosstruik gesnoei is.
- Verwyder alle dooie, siek en beskadigde hout.
- Verwyder alle takke wat dunner as 'n potlood is.
- Dun alle beknopte en swak-geplaasde takke uit. Takke wat teen mekaar skuur of naby mekaar kruis moet verwyder word. Gee altyd die nuwe, vinniggroeiende uitlopers die voordeel.
- Verwyder ou hout wat grys en rof lyk, sny dit op grondvlak af.
- Waar 'n sterk loot vanuit die basis bo in 'n kandelaarformasie ontwikkel het, verwyder die sentrale loot en behou twee of drie sylote. Moet nooit hierdie basale lote heeltemal terugsnoei nie.
- Verkort die oorblywende takke met 'n derde. Sny af tot by 'n prominente knop wat uitwaarts wys.
- Verseël onmiddellik na die snoei alle snyplekke met STERISEAL, 'n seëlaar wat 'n swamdoder bevat. Skud goed en wend aan.
- Vernietig enige oorblywende blare en al die gesnoeide takke. Bespuit die plante en die omringende grond met KALK-SWAEL wat aangemaak is op wintersterkte (1 deel KALKSWAEL tot 10 dele water). As jy ernstige swartvlek, roes of dopluis-infestasties gehad het, gebruik 'n sterker oplossing van 1 tot 8. Herhaal die aanwending na 10-14 dae. Gebruik altyd vars KALKSWAEL.
- Bemes daarna die rose met WONDER 8:1:5 (25) ROSE. Dien 25g vir kleiner plante en 50g vir groot struike toe, be-sproei deeglik en herhaal elke vier weke. Andersins verkies jy dalk WONDER SUPA-GRO ROSE, 'n verrykte kompos met 'n hoë organiese inhoud. Dien 50g per plant toe, lei deeglik nat en herhaal elke vier weke. Dien altyd misstof op klam grond toe en strooi dit oor die hele wortelarea.
- Strooi 'n deklaag van 5cm kompos.
- Lei gereeld nat.

REGTE EN VERKEERDE SNOEISNITTE

Die Regte Snit

A: Sny 5mm bokant 'n knop wat uitwaarts wys teen 'n 45° hoek - perfek.

Verkeerde Snitte

B: Te hoog bokant die knop - die stam kan terugsterf.

C: Die snyhoek is te skerp - terugsterf sal plaasvind.

D: Snit te aan die knop - beskadig die knop.



EFEKTO

TUINROETE AGRI IN DIE BAVIAANSKLOOF

Min mense weet dat TRA oor 'n depot genaamd "Babes se Winkel" in die Baviaanskloof beskik. Babes Nortje en haar man Gustav, wat albei boorlinge van die Baviaanskloof is, bestuur die winkel al sedert 1970.
Babes se winkel is in die middel van die Kloof, ongeveer 'n uur en 'n half se ry van Willowmore en Uniondale. Tuinroete Agri lewer twee tot vier weekliks produkte soos voere, olies, veemedisyne, kunsmis, sement, hardeware, ens. aan die depot.
Die winkel herinner baie aan die plaas-winkels van vanmelewe en Gustav, wat die Kloof soos die palm van sy hand ken, vertel graag van die ou dae.
Maak gerus 'n draai daar. Dis Tuinroete Agri se winkel wat die mooiste geleë is tussen hoë berge met rus en vrede wat hier hoogty vier.

Gustav en Babes Nortje

Why is a 60 day dry period essential?

{ Dr Adel de Haast }

Over the last 80 years, the worldwide dairy industry standard duration for the dry period has been 8 weeks, or 60 days. It constitutes a period of rest and recuperation ("recharging") for dairy cows, to prepare them for a healthy and productive next lactation.

Milk is produced by epithelial cells in the alveolar structures in the udder. The number of epithelial cells and their milk secreting capacity is the key to maximal milk production capacity. Capuco showed that renewal of the milk secreting cells is the key factor of success, a process that is completed during a 60 days dry period. Annen *et.al.* showed that reductions in milk production after a dry period shorter than 60 days are due to reduced functionality of mammary parenchyma. Planning for a short dry period of 30 – 40 days is risky. A short dry period will deprive the epithelial cells the time needed to replicate, leading to an increased risk for lower milk production during the next lactation.

The selection of a 60-day dry cow period results in higher milk production. Bachman and Schairer, 2003, compared subsequent milk yields relative to short (30-40 days) and long (50-60 days) dry cow period lengths. The results demonstrate the superiority of the longer period in favouring higher yields.

A full 60 day recharging period results in optimal milk production and performance in four essential ways:

1. **Recharging milk secretion capacity:** in 60 days the population of milk producing epithelial cells in the udder is optimally renewed
2. **Recharging udder health:** a broad spectrum dry cow treatment with 60 days activity cures existing infections by up to 98% and prevents new infections by up to 40%.
3. **Recharging the hooves and legs:** during the 60 day dry period a complete new sole grows, quality depending on good nutrition and housing.
4. **Recharging the rumen:** the microbial population and the ruminal epithelium are fully recovered from possible incidents of ruminal acidosis during the previous lactation by feeding a ration that is high in fibre and low in fast degradable carbohydrates. This ensures rumen health and better cow health with better milk production.

The ultimate goal of the dry period is making sure that on the day of calving the udder and cow are in the best physical condition for a healthy and productive next lactation. Just like recharging the battery of your cellphone, achieving a "full charge" will have a significant impact on long term performance.

The minimum time required for milk producing epithelial cells to recover may have been overlooked in the drive for longer lactation lengths and, by implication, shorter dry periods. Dietary transition is sub-ordinate to the integrity of a functional epithelial cell population without which milk yield cannot be accomplished.

Comparison of milk yield in long and short dry period lengths



Bachman and Schairer, 2003.
Milk yield indicated for short dry periods (30-40 days) is shown relative to long (50-60 days) dry periods (100%). A longer dry period thus correlates to higher milk production in the lactation subsequent to calving.

REFERENCES:
1. Capuco et al., 1997. Mammary growth in Holstein cows during the dry period: quantification of nucleic acids and histology. Journal of Dairy Science, 80, 477-487
2. Annen et al., 2004. Effects of Dry Period Length on Milk Yield and Mammary Epithelial cells. Journal of Dairy Science, 87: E66 – E76
3. Bachman and Schairer, 2003. Invited review: Bovine Studies on Optimal lengths of Dry Periods. J.Dairy Science, 86:3027 - 3037

GARDEN ROUTE WATER Consultants

MEMBER Water Quality ASSOCIATION

Water Purification & Filtration Specialists

Serving the Garden Route since 1999



ONE & TWO STAGE COUNTER TOPWATER FILTERS

KITCHEN FAUCET MOUNTING CERAMIC FILTER

2 STAGE UNDER COUNTER FILTER

OUTDOOR CERAMIC WATER FILTER– IDEAL FOR CAMPING & HIKING

5 STAGE REVERSE OSMOSIS

OSMOSIS WATER PURIFIERS

WHOLE HOUSE FILTERS

COMMERCIAL SYSTEM

WASHING MACHINE FILTERS 1 & 2 STAGE

NEW: FIBREGLASS WATER FILTER PRESSURE VESSELS WITH MANUAL OR AUTOMATIC BACKWASH HEADS

Manual Head

Automatic Head

The vessels are made of superior quality, composite, food grade, non metallic material that simply cannot rust and can handle pressures up to 10 bar.

Filter Media Options

Anthracite • Silica Sand • Garnet • Granular Activated Carbon • Birm–Iron Removal Media

N.B Replacement rate of the filter media will be determined by the flow rate, feed water quality and backwashing frequency.

IMPORTERS & DISTRIBUTORS OF TOP QUALITY WATER PURIFIERS & FILTERS

Most filters available at Tuinroete Agri Stores. For specialised applications contact :

Deon McAdam: 044 884 0888 or Cell 083 383 0416 • 21b Bishops Place, Cathedral Street, George

Email: info@gardenroutewater.co.za • Website: www.gardenroutewater.co.za

Spotted! Raai Wie!

Tuinroete Agri Mosselbaai is onlangs besoek deur die Springbok en Shark JOHAN MULLER! As deel van 'n CEVA promosie is getekende rugbyballe weggegee.

Wens Johan kon gaan help in Nieu Seeland later vanjaar!

FOTO: Johan Muller troon oor Henry Viviers (Vir 'n geswore Stormer-ondersteuner staan oom Henry bra naby die oud Shark en Springbok)

NATIONAL SHEEPDOG TRIALS

TRA KNYSNA DEELNAME AAN NATIONAL SHEEPDOG TRIALS

The National Sheepdog Trials were held at Sparrebosch / Pezula Knysna on 11 & 12 June 2011. Montego sponsored the prizes and TRA's Botha Ferreira very competently managed this stand.

The Montego/TRA stand at the National Sheepdog Trials

Johan Duthie of Knysna successfully herding his sheep with the aid of his dog, aptly named Chase.

DIE HEUNINGBOS IN BLOM

Kontak gerus vir Marius van Dyk, die eienaar van CAPE HONEYBUSH digby Mosselbaai, vir meer besonderhede oor heuningbostee produkte.

Tel: 082 776 5565

Dieprivier Primêre -Skool in Noll

Tuinroete Agri het 66 hartjies by die Dieprivier Primêreskool in Noll aan die begin van die nuwe kwartaal baie bly gemaak. Elkeen kon die nat en koue winter aanpak met splinternuwe waterskoene geskenk deur Tuinroete Agri en Agrinet. Mev Hannie Strydom, die Takbestuurder van TRA het die waterskoene oorhandig op 20 Julie. Dit was net betyds vir die lekker reën wat die volgende week oor ons streek geval het.

Mnr October, die skoolhoof en Mnr Karl Rost Hoofbestuurder van TRA, ná die oorhandiging

Leerders van Dieprivier Primêreskool spog met hulle nuwe waterskoene

TRA Tuinbou dag saam Efekto

Mossebaai Handel hou weereens 'n suksesvolle tuinbou dag saam met Jean Blume van Efekto.

TRA Knysna: The Big Move!

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | avwyk@tagri.co.za

Renaissance Design & Print Studio 044 691 3764